Vrydag 23 Januarie

Skrifgedeelte: Nehemia 1:1-11

Fokusgedeelte: Nehemia 1:8-9

God is barmhartig – ook oor ons sonde

Nehemia plaas homself, sy familie en die volk in die beskuldigdebank en bely: "Ons het gesondig." Hy besef dus dat dit as gevolg van hulle eie oortredinge was dat hulle in die situasie was waarin hulle hulself bevind het – die mure van Jerusalem was steeds verwoes.

Net so moet ons ook, as ons kyk na die geweld, die moord en die feit dat geloof nie meer die belangrikste in ons lewens is nie, besef dat ons gesondig het. Terwyl dit goed gaan, vergeet ons van die Here en sy opdragte. Ons aanvaar God se genade as vanselfsprekend. In wese is ons net soos die Israeliete wat geglo het dat die mure van Jerusalem onaantasbaar was. As ons egter eerlik na ons lewens kyk, dan moet ons besef dat ons sondes groot is voor God en dan moet ons onsself ook voor God verootmoedig. Ware verootmoediging bring ons dan by God se barmhartigheid. God steek sy hand uit na bekering en gehoorsaamheid. In die koms van Christus en die uitstorting van die Gees word sy genade duidelik uitgedruk.

Nehemia het nie net getreur en bely nie, maar hy het hom ook op God se beloftes beroep. Met groot eerbied pleit Nehemia dan op die wese van God: sy verbond, sy erns om sy volk onder sy Woord te verenig en die wonder van God se goedheid.

Mag ons saam met Nehemia voor God kniel en bely dat ons skuldig is. Mag die Heilige Gees ons in hierdie dag rig om ons so voor God te verootmoedig dat ons nie anders kan as om vanuit sy barmhartigheid te lewe nie. In God se barmhartigheid skenk Hy aan ons die genade om tot Hom te bekeer deur op te staan en in ware geloof en 'n egte Christelike lewe aan Christus verbonde te lewe.

*Sing: Psalm 32-1:1, 3*

*Ds. JN (Josef) Hibbert (Pietersburg-Noord)*